

OU-TESTAMENT GESKIEDENIS

STUDIE 1 - DIE SKEPPING

1. WAT HET GOD IN DIE BEGIN GEDOEN?

Genesis 1:1 “In die begin het God die hemel en die aarde geskape.”

2. OP WAT SE MANIER HET GOD DIT GESKAPE?

Psalm 33:6-7 “Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër. Hy versamel die waters van die see soos ‘n hoop; Hy bêre die wêreldvloede weg in skatkamers.”

3. MOET ONS DAN VERSTAAN VOLGENS DIE WOORDE, DAT DIE MATERIE/STOF WAARUIT DIE AARDE GESKAPE IS, NIE BESTAAN HET NIE?

Hebreërs 11:3 “Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, **nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.**”

4. WIE WAS DIE AKTIEWE AGENT IN DIE SKEPPING?

Hebreërs 1:1-2 “Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur **die Seun** wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, **deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.**”

5. IS DAAR ENIGE IETS WAT NIE DEUR DIE SEUN GEMAAK IS NIE?

Kolossense 1:16-17 “want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—**alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape**. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.”

6. SIENENDE DAT DIT DEUR DIE SEUN IS WAT DIE VADER ALS GESKAPE HET; WAT IS DIE SEUN SE REGMATIGE TITEL?

Johannes 1:1,3 “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en **die Woord was God**. ...Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.”

7. HOE HET DIE VADER, DIE SEUN AL TOEGESPREEK?

Hebreërs 1:8, 10 “maar van die Seun: **U troon, o God**, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is ‘n regverdige septer; ...en: **U, o Here**, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande.”

8. AS DIE SEUN DAN NOU GOD IS, HOE MOET HY DEUR AL DIE SKEPELS GEAG WORD?

Hebreërs 1:6 “En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet **Hom aanbid**.”

9. IN WAT SE KONDISIE WAS DIE AARDE NA DIT IN BESTAAN GESPREEK WAS?

Genesis 1:2 “En die aarde was **woes en leeg, en duisternis** was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.”

10. NA DIE SKEPPING VAN DIE MATERIE/STOF VAN DIE AARDE, WAT WAS DIE EERSTE DING WAT GEDOEN WAS?

Genesis 1:3 “En God het gesê: **Laat daar lig wees!** En daar was lig.”

11. WAT WAS VOLGENDE?

Genesis 1:4 “Toe sien God dat die lig goed was. En God het **skeiding maak** tussen die lig en die duisternis;”

12. WAT HET GOD DIE LIG EN DUISTERNIS GENOEM?

Genesis 1:5 “en God het die **lig dag** genoem, en die **duisternis** het Hy **nag** genoem. En dit was aand en dit was môre, die eerste dag.”

13. WAT WORD 'N TYDPERK VAN DUISTERNIS EN 'N TYPERK VAN LIG SAAM GENOEM?

Genesis 1:5 ... En dit was aand en dit was môre, **die eerste dag.**

14. WAT SIEN ONS KOM ALTYD EERSTE IN DIE FORMASIE VAN 'N DAG? DIE AAND OF DIE MÔRE? KAN U VERDUIDELIK HOEKOM?

Die Aand.

15. WAT WAS GEDOEN OP DIE TWEEDE DAG?

Genesis 1:6-8 “En God het gesê: Laat daar ‘n **uitspansel wees tussen die waters**, en laat dit **skeiding maak tussen waters en waters**. God het toe die uitspansel gemaak en die waters wat onder die uitspansel is, geskei van die waters wat bo die uitspansel is. En dit was so. En God het die **uitspansel hemel genoem**. En dit was aand en dit was môre, die tweede dag.”

16. HOE HET JOB VERWYS NA DIE TWEEDE DAG SE WERK?

Job 26:8 “wat die **waters saambind in sy wolke** sonder dat die wolkgevaarte daaronder skeur;”

17. WAT WAS GEDOEN OP DIE DERDE DAG?

Genesis 1:9-13 “En God het gesê: Laat die waters onder die hemel hulle op een plek versamel, sodat die droë grond sigbaar word. En dit was so. En God het die **droë grond aarde genoem**, en die versameling van **die waters het Hy see genoem**. Toe sien God dat dit goed was. En God het gesê: Laat die aarde voortbring **grasspruitjies, plante wat saad gee en bome** wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so. Die aarde het

voortgebring grasspruitjies, plante wat saad gee volgens hulle soorte en bome wat vrugte dra, waarin hulle saad is, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was. En dit was aand en dit was môre, die derde dag.”

18. WAT WAS GEMAAK OP DIE VIERDE DAG?

Genesis 1:14 “En God het gesê: Laat daar **ligte wees aan die uitspansel** van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare.”

19. WAAROM MOES DIE LIGTE HEERS?

Genesis 1:16 “God het toe die twee groot ligte gemaak: die groot lig om te heers oor **die dag** en die klein lig om te heers oor **die nag**; ook die sterre.”

20. WAT SE TIPE DAE WAS HIERDIE SKEPPINGSDAE DAN?

Letterlike dae.

21. MAAK DIE SON DIE DAG OF HEERS HY BLOOT OOR DIE DAG?

Hy "*heers oor die dag*"

22. WAT MAAK 'N DAG, EN HOE IS DIT MOONTLIK DAT DAAR DAE WAS VOOR DIE SON?

'N Dag word gemaak deur die omwenteling van die aarde op sy eie as. Elke volledige omwenteling maak een dag, wat vir gemaks doeleindes opgedeel is in 24 dele wat ons dan nou "ure" noem. Indien die son 'n liggaam van duisternis sou word en geen meer lig afgee nie, sou die lengte van 'n dag nogsteeds dieselfde wees. So daar was dae nog voor die son gemaak was om oor die dag te heers. Die aarde het begin met sy omwenteling die oomblik toe dit geskape was, met elke omwenteling wat dan nou 'n dag is; en gedurende die vierde omwenteling was die son gemaak as die lig draer. Die son maak nie die dag nie maar dit heers bloot daarvoor. Die letterlike vertaling in Hebreërs van **Genesis 1:18**, sê dat die groot ligte was in die uitspansel geplaas, "*om in die nag en in die dag te heers.*"



Toe die Aarde geskape was, sê die Bybel, "*duisternis was op die wêreldvloed*". Die uitdrukking "*In die begin*", merk die begin van die eerste dag van tyd. Gevolglik het die eerste dag in duisternis begin. Nog voor die Aarde sy eerste omwenteling voltooi het, het God gesê, "*Laat daar lig wees! En daar was lig.*" God het gesien dat die lig goed was, "*En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis; en God het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand [die duisternis] en dit was môre [die lig], die eerste dag.*" Die eerste omwenteling van die aarde was nou voltooi by die skeidings lyn tussen lig en duisternis; en sienende dat die eerste gedeelte van die dag in duisternis was, wat tot en met daai tyd nog ongebroke was, so dan begin die tweede dag ook met duisternis maar wat nou deur God beperk was en binne grense geplaas was. En omdat tyd in duisternis begin het, is die eerste gedeelte van elke dag van tyd in duisternis. Die mens mag soveel standarde aanneem as wat hul goeddink, maar elke dag van tyd het nog altyd met die aand begin, en so sal dit wees solank as wat tyd bestaan.